Desember 2022

DONAU-, MAIN- EN RYNVAART
TOERPROGRAM
26 September – 10 Oktober 2023

September

Di 26 JOHANNESBURG – DUBAI

Ons vertrek op **26 September 2023** om **22:20** met **Emirates** van **Johannesburg** na **Dubai,** waar ons op **27 September** om **08:20** aankom. U moet reeds om **18:20** op die O.R. Tambo-lughawe by Emirates se inweegtoonbank aanmeld.

Wo 27 DUBAI – BOEDAPEST

Ná aankoms in Dubai, haal ons om **10:30** die aansluitingsvlug **EK 111** na **Boedapest**, waar ons om **14:25** land.

Daar word dikwels na Boedapest verwys as die "Parys van die Ooste". Grasieus uitgesprei aan weerskante van die Donau vorm dié stad een van die skouspelagtigste panoramas wat Europa kan bied. Die heuwelagtige Boeda, afgeëts teen die blou lug; die bedrywige Pest met indrukwekkende antieke geboue; die pragtige Margarethe-eiland, met goed versorgde tuine en parke in die middel van die Donau; en die argitektonies imponerende brûe wat die Donau oorspan, laat alles onvergeetlike indrukke op besoekers.

Na 'n kort oriënteringsrit gaan ons na ons boot die **MS France**. Nadat ons ons tuis gemaak het in die kajuite, word die boot se personeel by 'n skemerparty aan almal voorgestel, waarna ons aandete geniet. Diegene wat nog energie oor het na die lang vlugte, kan 'n tradisionele musiekaand in Boedapest opsioneel bywoon, of rustig langs die Donau gaan stap.

Do 28 BOEDAPEST – ESZTERGOM

Ná ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer van die opwindende stad, **Boedpest.** Aan die Boeda-kant sien ons die historiese Matthias-kerk met die ruiterstandbeeld van die eerste Hongaarse koning en die beroemde Vissermansbastion. Ons besoek ook die oorkantste oewer waar Pest geleë is. Die sierlike Neo-Gotiese Parlementsgebou met sy 96 m hoë koepel lok vele besoekers en 'n besoek aan die indrukwekkende Millenium-monument, ook bekend as die Heldeplein, is 'n besondere belewenis.

Daarna reis ons per bus na **Esztergom,** waar ons weer by die boot aansluit. Vanmiddag het ons vrye tyd om hierdie gewese hoofstad van Hongarye te verken. Die kolossale basilika, die grootste in Hongarye, en die gewese koninklike paleis, is twee gewilde besoekplekke.

Vanaand vertrek ons na Wene. Ons volg die *Royal Danube Bend*-roete – 'n besondere gebied waar die prag van natuurskoon met die bekoring van kultuur uit die vroegste tye saamsmelt. Hierna gaan ons Oostenryk binne.

Vr 29 WENE

"Wien, Wien, nur du allein sollst stets die Stad meiner Träume sein ...". Dis só waar – **Wene** sal maar altyd die stad van baie se drome wees! 'n Mens moet hierdie stad beléef. Dit is 'n pragtige stad met majestueuse barokpaleise, skitterende beeldegroepe en weelderige tuine. Die atmosfeer in Wene is heeltemal anders as in ander wêreldstede soos Parys en Londen. Die pragtige groen parke verleen 'n heerlike, rustige atmosfeer aan die stad. Geen wonder dat daar ook fiakers rondry nie – perdekoetse waarvan toeriste gebruik kan maak om die stad rustig en deeglik te bekyk. 'n Mens ervaar dat kuns en kultuur in hierdie stad met 'n hoofletter 'K' geskryf behoort te word.

Nadat ons vasgemeer het, sal die toerleiers u begelei om in die ou stad te kom waar u kan kies wat u wil doen. Die boot bied 'n opsionele uitstappie na die Hofburg-paleis, gewese woning van die Habsburgers, aan.

Ons woon vanaand of môreaand 'n klassieke konsert by.

Sa 30 WENE

Vanoggend besoek ons die **Schönbrunn-paleis,** somerwoning van die laaste koninklike familie, die Habsburgers. Dié sprokiespaleis was oorspronklik bedoel om Versailles in Parys heeltemal in die skadu te stel, maar weens bepaalde omstandighede moes die keiser tevrede wees met 'n paleis van veel meer beskeie voorkoms. Die geelkleurige uiterlike van die paleis is nie so imponerend soos Versailles nie, maar die interieur is in teenstelling daarmee 'n kuns- en kultuurhistoriese monument. Gelukkig is die paleis nooit beroof of verniel nie en sien 'n mens ongelooflike weelde in die pronkkamers wat besoek word.

Dit word gevolg deur 'n panoramiese toer van Wene wat as een van Europa se mooiste hoofstede beskou word. Die stad het 'n wye verskeidenheid argitektuurstyle wat van Romaans, Goties, Barok en Renaissance tot Modern wissel.

Ons besoek onder andere die imposante Stephansdom met die helderkleurige dakteëls en ry in die Ringstrasse waar indrukwekkende geboue soos die Weense Staatsopera, Paleis van Justisie, Parlementsgebou, Stadsaal en die statige Hofburg-kompleks te sien is.

Daarna is ons vry om Wene op ons eie of in groepies te verken. 'n Mens kan een van die baie openbare parke, soos die Burggarten besoek. In dié park met sierlike bome, plante en romantiese spuitfonteine, kan 'n mens o.a. die Mozart-monument met taferele, wat tonele uit Don Giovanni uitbeeld, asook standbeelde van Franz Josef en keiserin Maria Theresa sien. Net buite die park pronk 'n standbeeld van die digter, Goethe. 'n Ander besondere park is die Stadtpark waar die bekende vergulde standbeeld van Johann Strauss aan hierdie wonderseun van Wene erkenning gee. Die voetgangerslaan is 'n gewilde inkopieparadys.

Ons boot vertrek om middernag.

Oktober

So 1 MELK

Vanoggend vaar ons deur die mooiste deel van die Wachau-vallei tot in Melk. Die gebied word gekenmerk deur die kronkelende Donau, golwende heuwels en klein dorpies omring deur wingerde en is as geheel op UNESCO se wêrelderfenislys geplaas.

Ons onderneem 'n uitstappie na Dürnstein, 'n bekoorlike dorpie in hierdie vrugbare vallei. Wingerde en appelkoosboorde omring die dorp wat bekend is vir sy verskeidenheid drankies en ander produkte wat van appelkose gemaak word. Die bloukleurige toring van die 15e eeuse kerkie naby die oewer, is een van die bekende argitektoniese landmerke langs die Donau.

Die poskaartprentjie word afgerond deur die ou kasteel-ruïne wat hoog bo die dorpie uittroon. Volgens legende is die Engelse koning, *Richard the Lionheart*, in die 12e eeu as gevangene hier aangehou. Diegene wat kans sien om die steil paadjie daarheen aan te durf, word beloon met n pragtige uitsig. Die res kan heerlik ronddrentel in die atmosfeerryke voetgangerslaan vol winkeltjies of langs die Donau-promenade gaan stap. Die blomryke begraafplaas in die middel van die dorp is ook altyd 'n lushof om deur te stap.

Vanmiddag is daar 'n opsionele uitstappie na die Melk-abdy. Dit is oorspronklik tussen 1702 en 1736 as 'n barokstyl-paleis gebou, maar is nou 'n Benediktynse klooster wat 'n prestigeryke skool van meer as 900 leerders huisves.

Indien u nie die uitstappie na die abdy wil meemaak nie, kan u die tyd in Melk op u eie deurbring.

Ons keer terug na die boot en vertrek na Passau.

Ma 2 PASSAU

Passau, een van die mooiste Duitse stede aan die Donau, lê in die suidooste van Duitsland teen die Oostenrykse grens. Dit is ook bekend as die Drierivierestad, want dit lê by die samevloeiing van die Donau, die Inn en die Ilz. Die St. Stephan-katedraal is wyd bekend vanweë sy beroemde orrel, die grootste katedraalorrel ter wêreld.

Vanoggend verken ons die smal romantiese straatjies en bewonder die barokstyl-geboue van Passau. Ons vaar deurnag na Regensburg.

Di 3 REGENSBURG – KELHEIM

Ons kan aan boord van die boot bly wat van Regensburg na Kelheim vaar en die omgewing wat by ons verby beweeg, vanaf die sitkamer of die dek bewonder.

Dit is ook moontlik om 'n opsionele toer van Regensburg te doen en die Walhalla-monument te sien wat beroemde Duitsers vereer wat op verskeie terreine presteer het. Indien u die uitstappie onderneem, reis u per bus na Kelheim.

Die boot vaar van Kelheim op die Main-Donau-kanaal na Neurenberg.

Wo 4 NEURENBERG – ERLANGEN – BAMBERG

Ons bereik Neurenberg in die loop van die oggend. Dit is moontlik om met die boot voort te vaar na Erlangen of opsioneel 'n begeleide stadstoer van Neurenberg te onderneem en per bus na Erlangen te reis. Die boot vaar deurnag na Bamberg.

Do 5 BAMBERG – SCHWEINFURT – GERLACHSHAUSEN

Vanoggend vaar ons na Schweinfurt van waar ons 'n bustoer na **Rothenburg** onderneem wat aan die ou Romeinse weg geleë is. Dit is die bes bewaarde antieke stad in Duitsland. 'n Mens word as't ware verplaas na vergange se dae wanneer jy daar aankom. Die hele stad met sy ringmuur en verdedigingstorings is 'n museum en het sy antieke sjarme deur die eeue behou. 'n Mens raak dadelik verlief op die plek. Ons onderneem 'n staptoer van Rothenburg.

Ons reis per bus na Gerlachshausen waar ons weer aan boord gaan en vaar deurnag na Würzburg.

Vr 6 WÜRZBURG – KARLSTADT – WERTHEIM

Vandag kan u weer kies om op die boot te bly en die pragtige omgewing te geniet terwyl die boot na Karlstadt vaar. Dit is ook moontlik om 'n opsionele uitstappie van Würzburg te onderneem en om die gewese woonplek van die heersers van Würzburg te besoek. Die gebou huisves die grootste plafonskildery in die wêreld.

Ons reis per bus na Karlstadt waarheen die boot intussen gevaar het. Die boot vaar deurnag van Karlstadt na Wertheim.

Sa 7 WERTHEIM – MILTENBERG – FRANKFURT

In **Miltenberg** verken ons die bekoorlike en eg-tipiese Duitse dorp te voet. Die markplein is omring deur ou Duitse vakwerkgeboue. Dis 'n boustyl waar swart hout en pleister saam gebruik word om te bou. Die *Grand Rue* en eertydse stadsaal maak van Miltenberg 'n besondere dorp en is ook bekend as die 'Pêrel van die Main'. Daarvandaan vaar ons na Frankfurt.

So 8 FRANKFURT – MAINZ

Frankfurt is een van Duitsland se grootste stede. Na die verwoesting van die 2de Wêreldoorlog, het 'n moderne stad herrys en is dit vandag die hoofkwartier van die Europese bankwese. Dit is ook die geboortedorp van die bekende skywer en digter, Goethe.

Laatmiddag bereik ons Mainz waar die Main by die Ryn aansluit. Mains is Gutenberg, die uitvinder van die drukkuns, se tuisstad. Die stadjie bied 'n pragtige vermenging van verlede en hede. Die eeue-oue katedraal is 'n indruwekkende baken en die Gutenberg-museum is die moeite werd om te besoek, indien die tyd dit toelaat.

Ons vaar vanaand op die Ryn op die laaste skof van ons bootvaart. Die kapteinsdinee bied geleleentheid waar ons 'n spesiale ete en kuier kan geniet

Ma 9 STRASBOURG

Op pad na Strasbourg geniet ons vir oulaas ontbyt. Ons vaar deur twee sluise voor ons in Frankryk kom en bereik Strasbourg om 14:00, waar ons ontskeep.

Ons vertrek per bus na Zürich in Switserland van waar ons om 22:15 na Dubai vertrek.

Di 10 JOHANNESBURG

Ons land om **06:25** in Dubai en vertrek om **09:55** met EK 763 na Johannesburg waar ons om **16:15** arriveer na 'n heerlike vakansie.